# impala

Bosveld Jagters- en Wildbewaringsvereniging Tydskrif / Bushveld Hunters and Conservation Association Magazine

JULIE/JULY 2007



## WILD EN JAG-aanbod

## Takke en Maandbydraes

## Buffalo hunt in TANZANIA

## Van Ons President: Akkreditasie

**Groeperingskiet · Webwerf · Geelbladsye**


# Inhoud · Contents


2 Ons president
3 Redaksioneel
4 His First Buffalo
6 Spogblad
1001 - 1004 Geelbladsye
8 ...Taknuus...
9 BJV webwerf
9 Stories
11 Bewaring / Conservation







# Ons President

***Die goeie nuus bly instroom !!***

In April verneem BJV dat sy aansoek om akkreditasie as jagtersvereniging by die SAPD suksesvol was. Die akkreditasienommer is 13 000 84. Hierdeur versterk en bevestig die vereniging sy posisie as die leidende en grootste vereniging in Limpopo provinsie. BJV is verbind om 'n volledige reeks dienste en aktiwiteite aan sy lede te bied. Voortaan sal alle NUWE aansoekers hul "Toegewyde Jagter-" status deur BJV self verkry. BJV se bestaande Toegewyde Jagters, wat hul status deur CHASA geniet, sal stelselmatig vanaf die einde van die jaar na BJV oorgeskakel word.

Baie dankie aan Frans en Lerina Heinlein van Soutpansbergtak, asook aan Supt. Bez Bezuidenhout van die SAPD vir hul reuse taak met die voltooiing en indiening van hierdie aansoek!!

In Mei vanjaar het BJV – as stigterslid, deelgeneem aan die vieringe van CHASA se 25ste bestaansjaar tydens 'n luisterryke geleentheid in Durban. Nie minder nie as 4 van ons strydrosse het as eregaste aan die verrigtinge deelgeneem, tw: Gerhard Swan, oud BJV-president en stigtingsverteenwoordiger op CHASA se eerste koör-dineringskomitee; Attie Vermaak, oud uitvoerende voorsitter van BJV en stigtingsverteenwoordiger op CHASA se eerste koördineringskomitee; Carl Höll, wat 'n reuse rol gespeel het in die totstandkoming van die S.A. Rekordboek van Jagtrofeë, asook in die ontwerp en daarstel van die Musgrave-toekennings. Hy is steeds voorsitter van die CHASA Musgrave-sub-komitee; Dirk Botes, oud uitvoerende voorsitter van BJV asook sekretaris van die CHASA koördineringskomitee.

Ons is groot dank verskuldig onder andere, aan hierdie lede vir die jagpad waarop hulle ons geplaas het. Ons glo dat hierdie pad goed en reg is!!

BJV se webwerf is pas in werking gestel, en ons glo dat hierdie 'n reuse bemarkings- en kommunikasiebate vir die vereniging sal wees.


Piet de Jager, oud Afrikaansonderwyser aan Hoërskool Merensky (Tzaneen), tans prokureur in eie praktyk in Pretoria, neem oor as redakteur van Impala by André van der Merwe. Dankie André vir die HERLEEF en uitgee van die Impala die afgelope klompie jare.

Baie dankie by voorbaat, Piet vir jou bereidwilligheid om die redakteurskap oor te neem

Dit is natuurlik ook JAGTYD! Jag asseblief verantwoordelik, en bowenal, geniet dit.

Jagtersgroete

Fred Mulders



# REDAKSIONEEL



Redakteur : Pieter de Jager
Sel no : 083 628 8410
Sekretaresse en Advertensies :
Sonja Steyn
Tel no : 012 333 8969
Faks no : 0866 145 650
E-pos : pgdejager@webmail.co.za

Alle kopiereg van die inhoud word voorbehou. Geen deel mag op enige wyse gereproduseer word sonder skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Uittreksels en aanhalings(maksimum 60 woorde) mag sonder toestemming gebruik word, mits volledige erkenning aan die skrywer en die publikasienaam en –datum gegee word.
Die redakteur behou die reg voor om artikels te verander en/of te verkort. Die uitgewer aanvaar geen verantwoordelikheid vir die inhoud van die advertensies nie. Die mening van medewerkers is nie noodwendig die mening van BJV nie.

Baie dankie aan ons voorsitter, André van der Merwe wat hierdie tydskrif so lank gedra het. En die manne voor en saam met hom – Abel Botha – om 'n naam te noem. Ek voel klein om by julle oor te neem. Ek vertrou julle is net 'n telefoonoproep ver.

***DIE WILD EN JAG-AANBOD:***
What a bargain ! 'n Gevestigde tydskrif saam met Impala in jou posbus elke maand. Grab the opportunity, we can only benefit! Ons sluit die geelbladsye in met 'n herhaling van die Wild en Jag-aanbod

***GELUK OF ON-GELUK***
Ek lees in Beeld, 9 Mei 2007, 'n berig van drie insidente waar een koeël twee bokke platgetrek het. Dat die koeëls in elk van gemelde drie gevalle goeie werk gedoen het, is die geluk. Die ongeluk in so 'n geval, is sekerlik net haarbreedte weg. Of die koeël nou 'n sekelbostak of die bok se nekwerwel tref, sy koers verander. Wat daarna getref word, kan netsowel ellende tot gevolg hê. 'n Af kakebeen of 'n pensskoot, waarvan die jagter dalk nooit weet nie en waarvan die wildboer later sê : ".....nooit weer op my grond nie...." is 'n ewe groot moontlikheid. Twee-bokke-met-een-skoot mag nooit, maar nooit, die gevolg wees van in die trop in skiet nie, want dít is nie 'n ongeluk nie – dit is roekeloosheid.

***OORKANT DIE LIMPOPO***
Met afgryse lees ons in Huisgenoot van 19 April 2007 van "Die slag van Eden" uit die pen van Susan Cilliers. Sy vertel van die amptelike afmaai van wild deur regerings-amptenare in Zimbabwe. Sy gebruik die woord "jag" uiters spaarsaam. Haar keuse van woorde is : "Slagting", "diefstal", "plunder", "vernietig" en "uitwis". 'n Droewige verhaal.

***JAGTERS EN DIE WILDBOERE***
In 2004 was daar 'n gawe gekuier tussen dié twee groepe daar in Ellisras se wêreld, en volgens die berig in Impala - vol 2/2, 2de termyn 2004, is die manne baie vriendskaplik uitmekaar. Wat intussen op formele vlak gebeur het, weet ek nie. Ek het wel al 'n wildboer raakgeloop wat min goeie woorde vir jagters het. Een van hulle, daar in die Waterberg, het glo twee karkasse opgetel nadat hy die vrag leë blikke begrawe het. – SY JAGTERS WAS NIE BJV- LEDE NIE. Ek vra hom toe of hy sou byt aan 'n plan waarvolgens BJV-lidmaatskap die roete skep om voorkeurjagters op jou plaas te kry en dat onbehoorlike optrede in die jagveld ook vanaf BJV se kant af opgevolg word. Hiervoor was hy te vinde. Just imagine: Game Farmers regard membership of Bushveld Hunters or any other reputable organization, as a minimum requirement before allowing a hunter on his land. This would pave the way for higher standards in hunting as well as due appreciation for the hunting industry and its contributions to both economy and environment.

***GEBLIK OF NIE, 'N LEEU IS 'N DING WAT BYT...***
Rapport, 3 Junie 2007, vertel van 'n leeuboer wat sy oorskotaanteel na die misdaadvoorkomingsterrein kana-liseer
– 'n (leeu) Boer maak 'n plan.

Billy Visser skryf uit die Bosveld aan Wild en Jag, Mei 2007, en hy belig die "Geblikte leeu"-onderwerp vanuit 'n baie logiese hoek. Die "gebliktheid" raak dan heelwat rooibokke en koedoes. Impala verneem graag na 'n werkbare oplossing vir die Vrystaat se leeus. Terloops, kan iemand ons dalk laat weet hoe lank die Vrystaat leeuloos was?

***TAKINSETTE OP MAANDBASIS AAN IMPALA***
Hierdie Julie 2007-uitgawe is 'n produk wat uit verskeie oorde gestook is. Perske, maroela, turksvy. Alles in een bottel. Die plan is soos volg: Augustus 2007 is op Magaliesberg en Kremetart se rekening. Die betrokke tak bring dan die bydraes vir die grootste deel van Impala. Hulle skietdag of bokseildans se storie word vertel en met foto's beaam. Hulle bewarings-projek word met ander takke gedeel en hulle jagfoto's geniet voorkeur. Die PJ Schoemans en Sangiro's onder hulle kry geleentheid. Die geelbladsye sal voortaan jaar-programme en so aan dra. Dit beteken nou nie dat 'n besondere artikel of berig van 'n ander tak nou moet oorstaan nie. Stuur in, en ons plaas dit saam met die verantwoordelike tak se bydraes.

The boy on our front page is Elisio Rech of Letaba. The author of the story is his father, Aldo, and I am sure this story will make great reading.

***ADVERTISEMENTS***
To back up the contributions with paying advertisers, will of course be the wise thing to do. I have a 1989 "Impala News" – more than 40% of the space went to ads.

# HIS FIRST BUFFALO - THE STORY OF A HUNT IN SOUTHERN TANZANIA

By Aldo Rech

The boy awoke in the semi-darkness of the tent. The underblanket of the camp bed had loosened and he felt the cold aluminium frame against his calf. His father was sitting on his bed, shoulders hunched, fingering the cigar sized rounds which gleamed golden in the half light. He was inserting the rounds into a short leather bandolier attached to a belt. The boy noticed that the soft nose rounds were separated from the full metal jackets by an empty holder.

His father had opened the aluminium gun case and was assembling the double rifle. The boy heard the metal thud of the breech closing and the "crip" of the stock as it clipped into place. There was a faint odour of gun oil in the tent. "We best be up."said his father.

As he dressed, the boy could see the olive green hunting vehicle through the flaps of the tent silhouetted against the thatched structure that served as a dining room. The trackers were cleaning grass seeds from the radiator. The boy dressed in a dark green shirt and shorts. He threaded two leather cartridge pouches onto his belt and picked up the .375 from under his bed, where he had placed it after cleaning it the night before. The humidity hit him as he emerged from the tent into the bright light.

His father was already at the breakfast table with the hunter. The boy looked at the hunter. He had a peppery coloured Castro-like beard and grey-green eyes. He wore a camouflage T-shirt and black shorts. The boy noticed the long scar on the outer calf of his right leg where the flesh had been pinched together by the stitches. His movements were slow and deliberate.

In the feverish green flush of the Miombos, which surrounded the camp, the big black and white trumpeter hornbills were flying. The hunter was talking about buffalo and the boy noticed the expression on his father's face. He had seen it once before when his father was playing a salmon. "Twende" said the hunter. The boy sat in the elevated back seat between the trackers. The Masai smiled at the boy. "Habari," he said in greeting. "Salamaa." replied the boy as his father had taught him. For the first time the boy noticed the holes in the Masai's earlobes. His skin was like polished mahogany and he wore a bead amulet around his neck.

The hunter started the vehicle and the boy felt the exhiliration clutching at the pit of his stomach and spreading. They crossed a shallow valley with long grass and then the track narrowed as they entered the forest. A raw odour filled the air and the boy could see piles of elephant dung on the track and the shattered foliage where the herd had fed during the night. "Tembo," said the Masai, grinning. The vehicle exited from the semi-cool of the forest. The boy saw a stretching, undulating savannah before him. The trees were Pierneef; rounded at the top with long structured trunks and they grew in copses on the tops of the ridges. Bright green grass sprouted from the burnt stubble. Rednecked spurfowl were running in front of the vehicle.

They entered a grove of tall trees on the ridge and the boy felt the first molten stab of a tsetse on his back and everyone in the vehicle was suddenly slapping and the hunter was cursing. "Kongoni," hissed the Masai pointing and the boy saw three honey coloured shapes quartering through the trees. The hunter had stopped the vehicle and was looking at the shapes through his binoculars. The boy's father said something about buffalo first and the hunter talked about not passing up opportunities. The boy looked at the three rifles in front of him. He felt the barrel of the .375 with his hand. From his elevated seat he watched the brilliant blue rollers chasing insects.

The vehicle skirted a swamp-like area with long reeds and the boy smelt a familiar bovine odour. The Masai was already off the vehicle before it stopped, prodding at the brownish-green pats with his tracking stick. His father asked "How early?" and the hunter stood with his hands on his hips, speaking in Swahili to the Masai. Then suddenly everyone climbed back on the vehicle and the hunter said "Too far ahead .... heading for the boundary. We won't catch them." Huge green-blue mountains loomed on the left and the Korongos were lined with elegant trees with dark green leaves shimmering in the heat.

Suddenly the boy became aware of the scout gesticulating wildly and clicking his fingers and the hunter stopped the vehicle. Across the Korongo on the far side of the shallow valley, the boy could see black shapes moving through the elephant grass. The boy climbed off the vehicle and was aware that everyone including the hunter was looking at him. The hunter motioned that he should load and he stood pushing the rounds and feeling the springy 'give' of the magazine. The Masai set off at a mincing gait followed by the second tracker, the hunter and then the boy. The boy's father brought up the rear with the scout. The boy was aware of his father's heavy breathing behind him. He looked down at the heels of the hunter and tried to match his steps.

They crossed the Korongo and entered the long grass; the Masai paused every few steps raising himself on his toes. The back of the hunter's T-shirt was wet and covered with flies and the boy's hands felt clammy as he clutched the rifle. His mouth was dry and every so often he felt his father's hand on his shoulder. The Masai led them to a large termite mound covered in foliage and, on this slightly elevated position, they paused.

The boy became aware of a swishing noise to his left and purple-black bodies and gleaming horns began to appear in front of him. The herd was moving across from left to right. The boy's father hissed "The third on the left," and the hunter placed the shooting sticks. The boy chambered a round and placed the rifle on the sticks. Through the scope the scene was almost surreal and the boy saw the tickbirds on the mass of the bull. "Shoot him." said the hunter. The scope hairs seemed to move on their own ; up the foreleg of the bull and then slightly back to compensate for the angle. The boy's finger tightened and then the crashing recoil, the "thwugg" of the bullet and the heaving mass of bodies and grass and the sound of hooves. "He's down" said the hunter and the Masai shouted "Piga, Kufa .... Nzuri" and the boy's father hugged him and the cheeks of both were wet.

The black bulk of the bull lay in the shade of an Acacia. His head moved slowly in their direction as they approached and the boy shot him again with the double rifle. The bull bellowed and his head sank slowly. They waited in the heat. "He's dead." said the hunter and they walked to the bull. The boy crouched near the buffalo. He ran his hands over the bosses and inhaled the musty odour of the bull.

He felt the bulging muscles on the neck and sat astride the massive bulk. He had never felt so alive before.

The hunter measured the horns with a steel tape. The Masai bent down and sliced the buffalo's skin open between the legs. The white stomach protruded and the Masai made two swift cuts for handholds and jerked the gut out. A vulture circled low and landed awkwardly on an Acacia tree. It was followed by another. The buffalo was being winched onto the vehicle; its head came to rest on the tail gate, tongue protruding. Masses of green flies swarmed on the bloodstained earth. "Twende." said the hunter.

The Masai smiled at the boy as he climbed on the vehicle. He placed both hands on the boy's right shoulder and gazed earnestly at him. "Mbogo kubwa sana." he said "Nzuri." and the boy flushed with elation.

They returned to the camp at dusk. The bulk of the buffalo seemed bigger in the gloom and the boy squatted in the skinning shed watching the skinners at work. A Hyena giggled and a quarter moon showed through the Miombos.

The boy's father called him. He poured three glasses of wine and handed one to the boy. They clinked glasses, faces gleaming in the lamp light. The boy sipped the wine, it smelled of violets. He finished his steak and pushed his chair back. Suddenly he was very tired. The faintest of breezes stirred the Miombos. Purple clouds were moving across the quarter moon. The boy's eyes started to close. "Nzuri" he whispered to himself. "Nzuri sana."






Elisio Rech with his first buffalo



Carla Ingram(17) het haar rooibok met 'n hartskoot platgetrek. Roer: 7x57, 175 grein, Afstand: 100 m. Plek: Plaas Grootfontein, anderkant Eiland, Onder-Letaba. (Haar pa weier dat adres of telefoonnommer geplaas word en hy dra sy dubbelloop oral saam.)



Rindie Prinsloo, sekretaresse van Magaliesberg sowel as van die Uitvoerende Bestuur, met die rooibokram wat sy op 60 meter met 'n 30/30 geskiet het.



Dié bosbkokram het Hennie Colyn in die Hoedspruit-omgewing met 'n 9.3x62, 286 grein Lapua neergetrek.



Hennie Colyn met 'n rooihartbees naby Fochville gejag met 'n 7x57 op 175meter. Horinglengte 23½"(groen gemeet).



Hennie Colyn het die pragtige swartwildebeesbul naby Bothaville met 'n 338 Win Mag (225 grein) omgedop.



Hannes Nel het sy seekoei in die Zambesivallei met 'n .375 gaan haal.

# GEELBLADSYE EN ADVERTENSIES

Hierdie gedeelte sal hopelik in die toekoms om 'n verskeidenheid redes belangstelling wek. Eerstens omdat wildboere hulle advertensies hier plaas, omdat minstens 2000 jagters dit onder oë sal kry.

Enige smousbaarheid kan egter hierin 'n nuwe eienaar vind. Die adverteerder wat eers die kat uit die boom wil kyk voordat hy in 'n volblad kleuradvertensie belê, sal ook hier begin.

Takke wat danse, skietdae en ander geldmaakplanne onder BJV-lede se aandag wil bring, sal eweneens hierin adverteer. Teen betaling natuurlik. Verder, en sonder koste, sal jaar-programme hierin bekend gemaak word. Elke tak sal sy aktiwiteite hier kan ten toon stel en daardeur kan koördinasie met ander takke bewerkstellig word.

## *TARIEWE*

1. BLINKBLADSYE

1.1. KLEUR

| | |
|---|---|
| Agterblad | R1000.00 |
| Ander volblad | R 800.00 |
| Halfblad | R 500.00 |
| (Horisontaal of vertikaal) | |
| Kwartblad | R 300.00 |
| (Horisontaal of vertikaal) | |

1.2. SWART EN WIT

| | |
|---|---|
| Volblad | R 700.00 |
| Halfblad | R 400.00 |
| Kwartblad | R 250.00 |
| 1/8 blad | R 150.00 |

2. KOLSKOOT (Geelbladsye)

| | |
|---|---|
| Volblad | R 500.00 |
| Halfblad | R 300.00 |
| Kwartblad | R 200.00 |
| Blokkies | R 30.00 per cm. in 'n 6cm kolom. |

---


# *Jagkompetisie*

CVO SKOOL SOUTPANSBERG BIED AAN:

***2 maklike vrae en R 50.00 donasie aan ons skool se projekfonds en wen JAG geleenthede in die Bosveld (Limpopo.) Ook baie ander pryse!***

- ***Jag van blouwildebees en rooibok***
- ***Jag van 'n koedoe, 2 bosbokke en rooibok***
- ***Slagbees en skaap (verwerk en verpak.)***
- ***Swartbaarshengelvakansie (Zimbabwe.)***
- ***Eland, Biltonggeskenkpak en nog meer!***

***Skakel Koos by 0846162952 en jy kan WEN!!!***

# IMPORTANT:

NEW LAW INFORCEMENT TO BE
IMPLEMENTED FROM THE 1ST OF JUNE 2007

ADVERTISED IN THE GOVERNMENT GAZETTE,
23 FEBRUARY 2007 NO. 29657

## THE FOLLOWING SPECIES HAVE BEEN LISTED AS ENDANGERED:

### *FISH*

*Potato Bass*
*Tiger Fish*
*Coelacanth*
*White Steenbras*
*Spotted Killifish*
*Rainbow Killifish*
*Seventy-Four Sea bream*
*Long comb Sawfish*
*Incomati Chisel mouth*

### *REPTILIA*

*Gaboon Adder*
*Namaqua Dwarf Adder*
*Smith's Dwarf Chameleon*
*Armidillo Girdled Lizard*
*Nile Crocodile*
*African Rock Python*

### *AVES*

*Southern Ground-Hornbill*
*African Marsh Harrier*
*Denham's Bustard*
*Jackass Penguin*

### *MAMMALIA*

*Cape Clawless Otter*
*South African Hedgehog*
*White Rhinoceros*
*Black Wildebeest*
*Spotted Hyena*
*Black-Footed Cat*
*Brown Hyena*
*Serval*
*African Elephant*
*Spotted-necked Otter*
*Honey Badger*
*Sharpe's Grysbok*
*Reedbuck*
*Cape Fox*

***As from the 1st of June 2007, all raw trophies received for mounting by the taxidermists, must be accompanied with the relevant permit and/or an adequate fencing certificate.***

***If the taxidermists do not receive the required documentation, they will not be allowed to keep the trophies on their premises.***

***If any trophies have been handed in for mounting before the 1st of June 2007 but will only be collected after that date, a permit must be applied for in advance, in order to collect the trophies from the taxidermist and to transport them to their end destination.***

***This law is applicable to all hunters, hunting outfitters, farm owners, private individuals, and taxidermists nationwide.***

***If you have any further enquiries regarding the permits please contact:***

***Free State Nature Conservation (Permits Division)***

***Telephone: 051-400 9527/22/19***
***Fax: 051-400 9523***
***Email:***
***Permits@Dteea.fs.gov.za***

# INSKRYWING OP WILD & JAG

WILD & JAG TYDSKRIF

bied aan die lede van u vereniging ’n spesiale inskrywingsaanbod vanaf Januarie 2007.

Slegs R143,00 per jaar vir 12 uitgawes

## HIERDIE IS ’N BESONDERE AANBOD!

- Teen die rakprys (R19.90) sal dit ............. R238.80 per jaar kos
- Teen die gewone intekenprys sal dit ...... R191.00 per jaar kos
- Vir lede sal dit slegs ................................. R143.00 per jaar kos

**40% AFSLAG!**

## NUUSBRIEF

As u ’n intekenaar is kan u vereniging se nuusbrief dan gratis as ’n insetsel saam met die tydskrif aan u gestuur word. Dit sal ons baie posgeld spaar.

## BESTAANDE LESERS

Lede wat reeds intekenare van WILD & JAG is of wat die tydskrif gereeld koop, sal WILD & JAG dan vanaf 2007 heelwat goedkoper kry. Bestaande intekenare sal dan ’n prorata terugbetaling ontvang vir die periode waavoor hulle reeds betaal het.

VOLTOOI ASB DIE VORM DADELIK EN POS OF FAKS DIT SO GOU AS MOONTLIK.
WILD & JAG MOET DIE BETALING VOOR 15 NOVEMBER 2006 ONTVANG,
DAN KRY U DIE JANUARIE 2007 UITGAWE VAN DIE TYDSKRIF
REEDS IN DESEMBER 2006 IN DIE POS.

✄ - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

INSKRYWING OP WILD & JAG

## Bosveld Jagters-en Wildbewaringsvereniging

As lid van bostaande vereniging wil ek graag gebruik maak van die aanbod van WILD & JAG om in te teken teen die spesiale afslagprys (min 40%)

(X) ☐ Vir 12 uitgawes teen net R143-00 ................ Vanaf: ........................................................................... uitgawe (maand)

Naam: ............................................................... Adres: .............................................................................................................

........................................................................................................................ ........................ Kode: ...............................

Tel: .................................. Faks: .................................. Sel: ..................................... E-pos: ..................................................

(X) ☐ Tjek/posorder vir R....................................... uitgemaak aan Jan Louis Ondernemings BK

Kredietkaartinskrywings kan per faks of telefoon geskied

(X) ☐ Debiteer my kredietkaartrekening met R.............................. Visa (X) ☐ Master (X) ☐ Diners (X) ☐ American Express (X) ☐

Kaart nr: ☐☐☐☐ ☐☐☐☐ ☐☐☐☐ ☐☐☐☐ CVC nommer ☐☐☐ (laaste 3 syfers agter op kaart - heel regs)

Kaartvervaldatum .................................. Handtekening ........................................................ Datum ................................

Direkte bankdeposito: Jan Louis Ondernemings BK
Bank: ABSA Tak: Lynnwoodweg. Tjekrekening: 01611680071 (faks depositostrokie na: 012 348-5551)

Skakel Wendy by Tel: (012) 348-5550 / Faks: (012) 348-5551 / E-pos: janlouis@wildlifehunt.co.za
Pos gratis aan: Besigheidsantwoorddiens BNT 30, Jan Louis Ondernemings BK
Posbus 35299, Menlo Park 0102.

# GROEPERINGSKIET

## R 40 000 SE PRYSE

MAGALIESBERG-TAK

KROKODILSPRUIT

15 SEPTEMBER 2007

EIE AMMUNISIE (SELFLADINGS TOELAATBAAR)

- OPE AFDELING
- DAMES
- JUNIORS
- .22
- WINDBUKS

***VERVERSINGS · ETES · MUSIEK***

NAVRAE:

KOBUS JOUBERT 0826516570
RINDIE PRINSLOO 0836305777
DEREK KOEKEMOER 0824905900



Ruan Bezuidenhout het die gemsbok op die  plaas Ballysax in Musina geskiet met 'n 308, 180grein.



Stefan Bezuidenhout het 'n 308 met 180 grein patroon gebruik om die blouwildebees op die plaas, Ballysax, buite Musina neer  te trek.



Francois Celliers met die vlakvark wat hy op die plaas Ballysax naby Musina geskiet het. Sy 30-06 was met 180 grein punte gelaai.



Ruan Bezuidenhout het sy rooibok ook op Ballysax naby Musina geskiet met 'n kaliber 308 en 180 grein punt.



Michael Beckley met sy pyl en boog-prooi.



Michael Beckley met nog 'n pyl-en-boog slagoffer.



Michael Beckley se blouwillie lê op die groen gras in 'n idilliese stuk bosveld.



Michael Beckley en gids by 'n Zebra.  Agter op die Jeep bewaak sy beste vriende nog twee pajamadonkies.













1. Sy oë was groter as sy maag! Michael Beckley het dié optimistiese luislang met die kamera op ete betrap. Dis duidelik nie die eerste poging nie, maar Ma sê jy sal hier sit totdat jou bord leeg is! 2. Hy haal nie eers die vorige poging se merk nie! 3. Aaaaaaarrrrggghhhh... 4. "Al eet ek nie nou nie, dis MY rooibok!"

## ...Taknuus...




### Waterberg

BJV Waterberg is nou 'n tak met 'n skietbaan. In Mei vanjaar het hulle die Warmbad Kommando se skietbaan se nuwe baas geword. Die hele storie volg later in Impala.

# *BJV* webwerf...

BJV se webwerf is uiteindelik op die internet. Nou kan ons begin om dit te gebruik vir die doel waarvoor ons dit aanvanklik wou skep, naamlik om die admin van BJV te vergemaklik en ook baie van Uitvoerend se admin af te wentel na die takke.

Die doel van die webwerf is tweeledig : Eerstens verskaf dit inligting oor wat BJV is en waar dit inpas in die georganiseerde jagsport, en ook inligting van aktiwiteite van Uitvoerend en die takke en ander relevante inligting oor aktuele sake soos vuurwapenlisensies en jagwette.

Tweedens is dit 'n databasis van al ons lede – persoonlike inligting, kwalifikasies behaal deur lede en aktiwiteite bygewoon – veral met die oog op bewys van aktiwiteite vir lede se Toegewyde Jagterstatus.

Ons het egter nou elke lid se hulp nodig.Ons wil baie graag voor die einde van die jaar ons ledelys se inligting so na aan korrek as moontlik hê. Daarvoor vra ons asseblief dat elke lid sal ingaan op die internet en sy/haar inligting sal nagaan en regstel (as jy nie toegang tot die internet het nie, skakel asseblief jou taksekretaresse en gee vir haar die inligting telefonies, dan kan sy dit regstel).

**Die internetadres van BJV is :**
*http://www.bosveldjagters.co.za.* (Moenie iets probeer invul in die blokkies "username" en "password" nie, hierdie blokkies is net vir gebruik deur die takke se admin beamptes.) Wanneer jy op die webwerf ingaan, sal jy sien dat een van die hofies bo-aan die bladsy 'lede' is. Gaan daarop in en jy sal aan die linkerkant van die skerm 'n hofie 'lid besonderhede bevestiging' sien waar jy, wanneer jy daarop klik, toegang sal kry met jou lidnommer (sonder die H, S, of J agtervoegsel) jou van en jou ID-nommer. Kyk dan of al die data korrek is en kyk sommer of daar inligting is wat nie ingevul is nie. Ons soek veral selfoonnommers en e-pos adresse. Kyk of al die kwalifikasies wat jy behaal het, korrek aangeteken is. Die volgende kwalifikasies behoort gelys te wees : CHASA bekwaamheidstoets – datum en punt van teorie en prakties (die skietbalkie), kursusse geslaag (datum en punt), of jy Instrukteur is met datum, Toegewyde Jagterstatus met jou sertifikaatnommer en Bona Fide Jagter onder die ou wet met jou sertifikaatnommer. Tik asseblief al die veranderde inligting in die toepaslike blokkie onderaan jou inligtingsblad, en klik op die "submit" knoppie. Ons wil asseblief ook vra om, indien al jou inligting korrek is, dit ook in die blokkie te skryf en te klik op "submit"

Wanneer jou inligting nie verskyn wanneer jy op bogenoemde manier op jou besonderhede wil ingaan nie, mag dit wees dat jou ID-nommer dalk verkeerd is op die ledelys. Skakel asseblief jou taksekretaresse dat sy op die lys kan gaan kyk wat fout is. Indien daar fout is met die inbetaling van ledegelde,kan jy vir Marius daaroor skakel (079 511 5358 ) en die bewyse aan hom deurfaks.

Die aktiwiteite wat jy deur die jaar bywoon, sal vanaf die teenwoordigheidsregisters en vrywaringsvorms afgetrek word deur jou taksekretaresse en op datum gehou word. Dit sal ook op jou rekord verskyn. *Dit is egter elke lid se verantwoordelikheid om bewyse van jagte wat jy deur die jaar doen, aan jou taksekretaresse te oorhandig dat sy dit ook by jou rekord kan voeg. Onthou dat jou takvoorsitter jaarliks moet teken dat jy 'n aktiewe lid is om jou Toegewyde Jagterstatus te kan behou, en hy kan dit nie doen as daar nie bewyse van ten minste 3 aktiwiteite of jagte op jou internetrekord verskyn nie, en as jy nie op 1 Desember van elke jaar 'n opbetaalde lid is nie.*

## Stories

**BOBBEJANE, SPRINGBOK-OOMS EN ANATOMIE**
**Bosveldklong**

Hulle noem hom Stompie. Blykbaar het die naam niks te doen met sy anatomie nie, maar wel met 'n Oom van hom wat jare gelede vir die Springbokke gespeel het.

Dit het als begin op 'n koel wintersaand om 'n kampvuur in die Soutpansbergse bosveld. Hier word dit glo so droog dat dit met Noag se dinge daai tyd net lelik bewolk was vir drie dae, en so warm dat doringdraad hulle dorings verloor in die somer.

Om die kampvuur word die betrokke aand nie net water gebruik nie, vandaar dinge wat bespreek word, soos die Huntleigh Express (naaste trein en stasie) se vermoë om goedere te vervoer, politiek, jag ens. Hoe later hoe kwater en toe is daar eenstemmigheid onder die jagters dat die groot bobbejaantrop se sondeboekie se laaste bladsy nou vol is. (Ek vermoed die laaste bladsy is sommer so om die vuur ingevul) Dit beteken die kremetartboom onder in die plaas, waarin die groot trop elke aand slaap, besoek gaan word om die hengse populasie te verminder. (Glo geen natuurlike vyande, teer op rooiboklammers, ens. ens.)

Die fyn uitgewerkte plan sien toe basies so daaruit : Ons sal met 'n oop Land Rover ry tot so ongeveer 300 m van die boom af, sonder ligte. Kees se kind kan mos nie in die aand sien nie en is erg deur die blare geslaap. Dan bekruip ons die boom en hol onder hom in met flitse en gewere. Nou-ja, tot hier werk alles toe presies volgens plan. Die Landie word afgeskakel en ons maak gereed. " O.K. boys, nou sluip ons so saggies as wat ons kan met die kampdraad op in die pad tot so 60 meter van die boom af ", hoor ek in 'n opgewonde stem. " Dan trek ons weg na die boom toe terwyl een ou soos 'n wolfhond blaf, die ander een soos 'n dobermann en die ander ou soos 'n ander tipe hond." So, hier gaan ons. Ek het die rechargeable spotlight, Stompie sy .308 en die ander rumdrinker ook 'n skynbaar puik bobbejaan-kaliber. In die .308 - man se ander hand pryk ook nog 'n splinternuwe maglite. Die gaan hy gebruik om self te lig net ingeval ek te stadig lig vir die tempo waarteen hy bobbies gaan afhaal.

Die reuse kremetart is effens afgeëts teen die klein sekelmaantjie wat vir ons glimlag. Bo in die boom kerm 'n klein kesie by sy ma van die koue, maar word sommer dadelik met 'n ô,ô,ô,ô stilgemaak deur die brandwag wat môre vroeg moet roer vir werk.

" Ons het hulle ! " fluister Stompie en versnel sommer dadelik van so 80 meter af, in plaas van die afgespreekte 60 meter. " Kom! " sê hy weer en daar trek hy al blaffende soos 'n ander tipe hond. Ek, en noem hom sommer ou Gert, is ook nou versigtig volspoed, maar redelik agter van al die konsentrasie om nie soos die ander ou se hond te probeer blaf nie. " Lyk my tog die man se oom het Springbok gedraai as ek so na sy spoed kyk ", dink ek en bevestig sommer my vermoede toe hy die volgende oomblik wragtag spoed optel! Eers kom die knieë verby die ore soos hy nou trek met sy bene, dan beweeg die bolyf spontaan vorentoe (seker maar hoe G's met spoed werk) en die .308 en maglite wys nou reguit vorentoe om die windweerstand te minimaliseer. Die blaffery begin ook nou klink na iets tussen 'n ou poeliesfluitjie en 'n Siberiese wolf, alles in afwagting op die groot val wat kom. Bobbejane skreeu en plof oral neer, hulle los net en maak ogies toe. Ek het nog nooit in my lewe iemand so lank en aanhoudend sien val nie. Die maglite het tot vandag toe nog nie weer aangegaan nie, en die musgrave se loop het met die vorentoe wys so vol rooi sandgrond gedruk dat dit by die slot uitgespuit het! Die stofwolk was so groot dat die rechargeable net 'n geel straal in die lug gegooi het tussen die vallende bobbejane waarop Gert probeer korrel. (Stompie kon nie korrel nie, hy het nog geval!)

" Ek het nooit die !#$?.."+* sandslootjie oor die pad gesien nie, want ek het al vir die bobbejane begin kyk ! ", moes ek later hoor terwyl ek help met Mercurochrome, watte en rum en coke. In die stilligheid het ek nou my opinie gevorm oor die anatomie en Springbok-oom storie, en, o ja, die trop bobbejane het vir twee maande lank nie weer in die ou kremetart kom slaap nie !

## IMPROMPTU INDUSTRIALISASIE
**Johan Nöthling**

Ouma het 'n werfhoenderboerdery gehad om, saam met Oupa se verdienste as tuiemaker, siel en liggaam in die moeilike depressie en oorlogsjare aanmekaar gehou te kry — ordentlike, swaar slaghoenders…
Pa (so veertien jaar oud) en oorlede ou Salmon ry díe middag met die donkiekarretjie van die plaas op Donkerhoek met die tweespoorpaadjie tussen die lang laatsomergras. Haastig, nogal, want die fuik met 'n twintigstuks werfhoenders agterop moet voor vieruur op Pienaarspoortstasie wees om die roeterige rit te begin na 'n Landbouweekblad-advertensieleeskoper.

Met die mate van haas wat daar uit twee donkies te fluit, por en moker, is gaan dit nogal stamperig, soos 'n wiel elke dan en wan oor 'n graspol of 'n klip bons. Net na so 'n graspolwip hoor Pa-hulle 'n gekekkel en met die omkyk sien hulle hoe die laaste hoenders grondwaarts — graswaarts eintlik — fladder, terwyl die fuik se deurtjie nutteloos heen en weer swaai. Nou neuk dit…
Gelukkig is ou Salmon se gedagte flinker as sy lyf en hy begin dadelik die karretjie afbeur waarna hy, met die voorlyf vorentoe gebuig en een hand agterop die heup, met kort treetjies verby die donkies pad-op stryk terwyl hy sy strategie oor die linkerskouer Pa-se-kant-toe skree. Pa luister, stem vinnig saam, haal die windbuks agter die bankie te voorskyn, gaan staan regop op die bankie en begin hand-voor-die-oë die lang gras bespied.

Intussen het ou Salmon in 'n wye draai om die verdwaalde hoenders begin wikkel en toe hy 'n tweestuks bespeur, begin hy om hulle in Pa se koers aan te keer. Toe die eerste kam tussen die gras sigbaar raak, verander die skoot se klap in 'n noodlottige vlerkgeklap tussen die gras. Skaars tot rus, toe klap die tweede knapskoot en nog 'n hoenderkop

verdwyn in stilte. Ou Salmon begin die besigheid geniet en slaan oor in 'n lofsang oor Pa se skietvernuf (uit armoede gebore was dit aansienlik gewees - díe skietvernuf) en onderbreek homself net om vir Pa te beduie waar nog 'n hoender die laaste sekondes van sy aardse bestaan deurbring.

Skemeraand is Pa en ou Salmon terug op die plaas, met 'n fuik vol hoenders…dooie hoenders. Na die verwagte skrobbering oor een van hulle die fuik nie behoorlik, soos opgedra, toegemaak het nie, begin Ouma bevele gee oor snygoed wat geslyp moet word, water wat gekook moet word en hulp wat van die strooise af teruggeroep moet word, alles terwyl sy afsit telefoon toe om die afwagtende koper te gaan teleurstel.

Sê Pa: „Die Vrydagnag tot watter tyd by olielamplig vere gepluk en hoenders geslag, net om douvoordag deur Ouma opgejaag te word (darem met warm koffie en boerbeskuit), want díe Saterdagoggend, voordat dit warm word, moes ek en ou Salmon gaan geslagte slaghoenders smous in Pretoria se strate. Ouma moes darem toegee; sonder ou Salmon se flinkdink, my skietvernuf en die windbuks was Ouma haar inkomstetjie heeltemal kwyt."

## BEWARING/CONSERVATION

### SPROKIE VIR 'N STADSKIND.

Johannesburg contains the largest man made forest in the world. Albeit majorly "Jacaranda Mimosifolia", a foreigner, Pretoria's streetlining forest, is also world renowned. It would also not be audacious to accept that this pattern repeats itself in other South African cities.

Impala salutes the South African city dweller for this remarkable achievement.

A laymen's survey, combined with an eagle's eye, however, discloses a disturbing reality. In every city supermarket, at every filling station and over weekends, on numerous street corners as well, a booming trade in wood and charcoal is evident.



Very often, blatantly advertising "Hardekool" or "Kameeldoring". The naive or ignorant buyer doesn't think twice — he wouldn't mind the difference anyway — and buys the wood.

Die sentiment oor 'n kampplek êrens onder 'n jakkalsbessie, met 'n hardekoolvuur, laat jou koop. As die eerste vlammetjie vasskop en boontoe lek, trap jy die eerste tree op die herinneringspad. Jy hoor die uiltjie hier naby en die jakkals daar waar jy die pens uitgehaal het. Jou beker loop oor.

As jy die laaste stompie aan die vlamme offer, kyk jy op die pakkie by wie jy sommer nog vyftig sakke wil bestel. Dan sien jy weer die vyftonvrag van hierdie bosveldweelde wat in 'n ommesien opgeraap word, en jy besef: 'n Groot stuk bos is weg! Al wat oorbly, is rook en as.

Dan wonder jy skielik: Wat sal die Johannesburgers doen as die grootste mensgemaakte woud geplunder word vir vuurmaakhout?



Hierdie heining in Pretoria is só aangepas om die papierbas te huisves. Die inlas foto wys hoe die eienaar verder gegaan het om die boom te beskerm.

Die stedeling voel klaarblyklik vere as die bosveld gestroop word, want die stroper verkoop sy produk daagliks en hy keer terug om weer te stroop, om weer te verkoop, om weer te stroop en te verkoop...

Dit bring my nou by die punt: 'n Tak moet 'n bewaringsprojek hê — direkte en bona fide bewaring. In jou tak is die bedreiging dalk 'n vleiland deur riool, translimpopovlugtelinge wat alles verteer wat voorkom, die houtverkoper, bosveldstroper, wat ookal.

BJV, as kundiges en natuurliefhebbers, kan die leiding neem en die Vories, die skool of die kerkraad betrek by 'n projek wat uiteindelik direk 'n betekenisvolle bydrae lewer tot bewaring.

Van hierdie projekte wil Impala natuurlik verneem en voortaan sal ruimte opsy gesit word vir "Bewaring/Conservation". Elke tak sal hopelik ook hierdie faset belig as dit sy beurt is om bydraes aan Impala te lewer.